

# Die Stanford-storie

Radiodrama deur André Kotzé

## **ROLVERDELING**

ROBERT (STANFORD)	Jong boer, grondbesitter, ex-kaptein in die Britse Leër, plaaslike kolonisteleier.
ELIZA (STANFORD)	Jong vrou, eggenote van Robert.
PORTER:	Prokureur-generaal van die Kaapkolonie, burokraat, rustige vredemaker.
FIELD:	Doeane- en belastinggaarder van die Kaapkolonie, ongeduldige man-van-aksie (tree ook op as stem vir tussenwerpsels op vergadering).
(SIR HARRY) SMITH:	Goewerneur van die Kaapkolonie.
STEYTLER:	Prokureur aan die Kaap, leier van anti-bandiete-beweging.
HERBERGIER:	Senuweeagtige, dienswillige tipe (tree ook op as stem vir tussenwerpsels op vergadering).
VERTELLER:	Dieselfde stem as aankondiger van die titel.

1. VERTELLER: Die Stanford-storie, 'n radiodrama, gebaseer op werklike gebeure, deur André Kotzé. (STILTE)

Waar sal ons begin met die storie? By Robert Stanford se adellike afkoms? Sy kinderdae in Ierland? By sy suksesvolle loopbaan as offisier in die Britse Leër, eers in Indië, daarna aan die Oosgrens van die Kaapkolonie? Sy troue met Eliza, dogter van die ryk Majoor Borchard? Stanford se uittrede uit die Britse Leër, sy vestiging aan die Kaap, sy baie plase, aan die voet van die Hottentots-Hollandberge, om Kaap Hangklip tot in die Overberg. Nee... kom ons slaan dit alles oor. Ons begin by... Kaapstad, September 1849.

OPROERIGE BUITELUG-PROTESVERGADERING, PERDE WAT RUNNIK, PERDEKARRE OP PLAVEISTENE, SWEPE WAT KLAP, ROESEMOES VAN STEMME, OOR EN WEER GESKREEU EN GEGROET.

2. STEYTLER: (SKREEU EFFENS) Burgers! Staan nader! Stilte asseblief! Burgers, laat ons stilte kry!

ROESEMOES BEDAAR: STEMME: "GOED! GEE STEYTLER 'N KANS!"

1. STEYTLER: (TOESPRAAK-STEM) Burgers, ons is hier bymekaar om die situasie rondom die tronkvoëlskip te bespreek.

ROESEMOES VLAM WEER OP: STEMME: "SKANDE!, SINK  
HOM!"

2. STEYTLER: Vir die wat nie weet nie: die owerheid in Londen het 'n skip vol bandiete uit Ierland, Kaap toe gestuur. Die skip is al op see - hiernatoe.

STEMME: "NOOIT! MOORDENAARS, VERKRAGTERS TUSSEN  
ONS? NOOIT! STEYTLER, DOEN IETS, HOU OP MET PRAAT"

3. STEYTLER: Wag! Wag nou, burgers! Ek wil hê ons moet luister na Burger Robert Stanford hier by my. Hy het die jongste nuus. Hy voel nes ons oor die saak. Hy's een van ons – hy't net meer plase as enigeen van ons! Gordonsbaai, Hanglip, Kleinrivier! Amper die hele Kaap.

ROESEMOES, GELAG, STEM: "RYK ENGELSMAN"

1. STEYTLER: Ja, hy is 'n Engelsman, maar hierdie veldtog teen die bandiet-skip is 'n saak waaroor almal saam stem. Hy het die nuutste informasie. Kom ons hoor by hom.

2. ROBERT: Dankie meneer Steytler. Dis reg burgers, ek was gister by die Goewerneur, Sir Harry Smith.

TUSSENWERPSEL: "WAT Sê HY VAN DIE SKIP?"

3. ROBERT: Dit is so. Daar is so 'n skip, die Neptune, op pad na die Kaap. Daar is 300 bandiete aan boord.

ROESEMOES, STEM: "HOEKOM LAAT HY DIE SKIP  
HIERNATOE KOM?"

4. ROBERT: Hy laat nie die Neptune kom nie, burgers. Hy is óók teen die aflaai van 'n spul kriminele tussen ons. Hy het dringende briewe aan Earl Grey in Londen gestuur. In die briewe versoek hy dat die Neptune glad nie hier land nie ... dat die skip verby vaar, Ooste toe.

RUMOER VLAM OP. STEMME: "WAT HELP DIT? DIE SKIP IS  
AL OP PAD! "STUUR HULLE TERUG! LONDEN SAL NIE NA  
HOM LUISTER NIE?"

1. ROBERT: Burgers! Wag! Gee kans. Sir Harry Smith is aan ons kant is in hierdie saak. Ons moet hom kans gee om die saak te hanteer.

RUMOER: STEM: "HY SAL SO Sê! ENGELSMAN, IER,  
BRITSE SOLDAAT!" RUMOER

2. STEYTLER: Burgers, wag, stilte asb! Wag nou!

RUMOER BEDAAR GEDEELTELIK

3. STEYTLER: Ons het 'n voorstel! Ek het met Stanford hier gepraat. Hy was 'n kaptein in die Britse leër. Hy dink ook die voorstel kan werk.

STILTE: STEM: "WAT SE VOORSTEL?"

4. STEYTLER: Ons stel voor alle boere aan die Kaap weier om die Neptune van enige rantsoene te voorsien totdat ons vir seker weet die skip met sy bandiete is op pad na die Ooste.

STEMME: "HOOR HOOR!", "HONGER HULLE UIT!"

1. STEYTLER: Ons gaan nou oor na 'n boikot! Geen landbouprodukte aan die Neptune of die garnisoen nie!

STEMME: "HOOR HOOR!" "NIKS NIE!" **DÍS** HY STEYTLER!  
BOIKOT HULLE!"

2. STEYTLER: Burgers, wag nou! Dis noodsaaklik dat alle boere hierin saamwerk. Laat ons eers hoor: Is enigiemand teen die voorstel?

STEMME: "NEE! NOOIT! ONS STEM SAAM"

3. STEYTLER: Nou goed! Ons sal dit op skrif stel. Ons moet seker maak dat almal hiervan weet. Net een verraaier wat nie saamwerk nie, kan ons hele boikot laat misluk. Versprei die woord by plase rondom julle. Ons stel 'n ultimatum op skrif: geen bandiete... of anders - geen rantsoene!

RUMOER, STEMME: "MAAK SO!"

1. STANFORD: (SKREEU EFFENS) Voorsitter! ... Mnr STEYTLER! Asseblief!  
Net een saak. Burgers! Ons moet net die goewerneur kans gee om die skip verby te stuur. Die boikot is slegs as die goewerneur nie sy belofte hou nie. Intussen behoort ons die garnisoen uit te sluit by hierdie optrede. Dis nie reg om Haar Majesteit se offisiere, troepe en perde te laat honger ly nie.

STEMME: "NEE! LAAT HULLE HONGER LY! HULLE SAL DIE RANTSOENE AAN DIE SKIP DEURGEE!"

2. STEYTLER: Wag boere! Stanford is reg! Ons praat hier van 'n paar weke waarin ons ons produkte terug hou. Die boikot gaan oor die Neptune en die bandiete. Dit geld vanaf die dag dat die Neptune in Tafelbaai aankom tot hy vertrek.

STEMME: "GOED! MAAK MAAR SO! KOM ONS LOOP!"

3. STEYTLER: Goed! Dan kan ons maar verdaag! Goeienag almal!

RUMOER HERVAT, PERDE RUNNIK, PERDEKARWIELE OP PLAVEISTENE, SWEPE KLAP! OUTYDSE MUSIEK (MINUET) DOOF IN (TYDSVERLOOP), DOOF WEER UIT

DOOF IN: BRITSE MARSMUSIEK (BV RULE BRITANNIA),  
DOOF UIT MET KLANK VAN PERDEKAR OP PLAVEISTENE,  
KOM TOT STILSTAND, IEMAND KLIM AF (STEUN), DRAF  
KLIPTRAPPE OP, KLOP HARD AAN DEUR, DEUR OOP

1. PORTER: (HAASTIGE VOETSTAPPE OP HOUTVLOER) A, Kaptein  
Stanford! Robert! Ons wag vir jou.
2. ROBERT: Hallo Porter. Jammer, ek is laat. Hoe gaan dit met die  
Prokureur-generaal van die Kaap die Goeie Hoop?
3. PORTER: Dis goed! Spot maar. Julle boere hou mos deesdae ons  
amptenare aan 'n lyntjie. Kom, die goewerneur wag. Field,  
die belastinggaarder, sal ook daar wees.

VOETSTAPPE VAN TWEE MANS OP HOUTVLOER, KLOP AAN  
DEUR

4. SMITH: (VAN AGTER TOE DEUR) Kom binne!

DEUR OOP EN TOE

5. ROBERT: More, U Eksellensie. Mõre, Meneer Field.
1. SMITH: A, Kaptein Stanford! Of moet ek sê ex-kaptein? Jy is mos  
nog altyd op halfsoldy by my betaalmeester, nie waar nie?  
Is dit hoekom jy kan bekostig om die regering van Haar  
Majesteit te boikot?

2. ROBERT: Die soldy is maar kleingeld, U Eksellensie. Ek probeer eintlik boer. Maar as die bandiete van daardie skip aan land kom, sal ons almal binnekort niks oor hê nie!
3. SMITH: Kom nou Robert! Nie so gou op jou perdjie nie. Jy weet goed dat ek probeer om die Neptune hier weg te kry.
4. PORTER: Ons wag net vir nuwe vaar-instruksies vir die Neptune. Ons glo dit sal op die volgende skip wees.
5. SMITH: Intussen het ons egter 'n probleem. Toe die Neptune verlede Dinsdag hier arriveer, vind ons dat helfte van die gevangenes en baie bemanningslede siek is.
6. FIELD: Ons het al die vars rantsoene van die garnisoen na die skip gestuur om die toestand te verlig. Maar dit is nie naastenby genoeg nie.
1. SMITH: Die HMS Lancaster behoort binne twee weke hier te wees met nuwe seil-instruksies vir die Neptune. Dit beteken egter dat daar vir twee weke geen rantsoene vir 'n skip met 400 man sal wees nie.
2. FIELD: En die garnisoen kan ook nie vir twee weke sonder rantsoene klaarkom nie.



3. ROBERT: Maar U Eksellensie, dit moes sekerlik voorsien gewees het!  
Waarom is daar nie rantsoene aangekoop en gestapel nie,  
vóór die aankoms van die Neptune?
4. PORTER: Kom nou, Robert. Jy ken die rompslomp van die leër!  
Mens kan nie rantsoene vooruit koop nie.
5. FIELD: Behalwe dit, soek ons **vars** rantsoene. Vir my is dit net  
totaal onaanvaarbaar dat 'n klomp koppige koloniste-boere  
vars produkte kan weerhou van hul eie garnisoen!
6. ROBERT: Field, jy weet hoe sterk die anti-bandiete gevoel aan die  
Kaap is. Julle het tyd gehad om rantsoene te versamel! Die  
tyd wat ek op daardie vergadering probeer koop het, is  
verspeel!
1. FIELD: Maar wie kon voorsien dat koloniste teen hul eie goewerneur  
sou draai?
2. SMITH: Kalmeer, Field. Dit is water verby die meul. Kom ons vind  
'n oplossing vir die probleem.
3. FIELD: Maar U Eksellensie, dit grens aan hoogverraad! Om jou eie  
garnisoen uit te hongers! Ek dink Porter het 'n wettige plig  
om elke boer wat produkte weerhou, te vervolg.
4. PORTER: Seshonderd boere vervolg? Onmoontlik ... en met watter  
effek? Om boere te beboet of in die tronk te stop? Na al  
die moeite sit ons nog steeds sonder rantsoene.

5. ROBERT: Vervolg my maar eerste! Ek is een van die boikotters.
6. FIELD: Daar is 'n ander uitweg: krygswet! Sodra Sy Eksellensie krygswet afgekondig het, sal die garnisoen gemagtig wees om vars produkte van boere se plase te konfiskeer.
7. ROBERT: Wat? Produkte opkommandeer? Jy praat nou van 'n garnisoen wat sy eie burgers beroof vir 'n klomp bandiete? Ek sien 'n rebellie, soos nog nooit tevore nie! Burgeroorlog, sê ek jou!
1. FIELD: Stanford, as julle gewone burgers, onwettige ultimatus kan stel, kan die goewerneur sekerlik binne die wet daarop reageer
2. SMITH: Kom nou menere! Ek is seker daar is 'n ander uitweg. Ons het bietjie koelkop-denke nodig. Die hele anti-bandiete veldtog het oorboord gegaan as gevolg van té veel emosie. Robert, wat stel jy voor?
3. ROBERT: Onderhandel, U Eksellensie! U behoort met die landboueiers byeen te kom en hierdie situasie aan hulle te verduidelik. Miskien kan hulle 'n beperkte hoeveelheid rantsoene vrystel vir die garnisoen. Moenie eers die Neptune meld nie.

4. SMITH: Mm. Menere, ek sê dankie vir julle insette. Ek sal alles oorweeg en baie vinnig tot 'n besluit moet kom. Robert, dankie vir jou moeite om te kom. Veilige reis terug.

5. ROBERT: Dankie, meneer. 'n Goeie dag vir u.

DEUR OOP EN TOE, MUSIEK, TYDSVERLOOP

NAGGELUIDE OP PLAAS, KRIEKE, PADDAS, BEES BULK,  
PERDE RUNNIK, GANSE KWAAK

1. STANFORD: Wat 'n pragtige aand, Eliza. Wie sou kon dink dat iemand dit sou oorweeg om 'n klomp gevaarlike boewe na hierdie vreedsame Kaap te stuur.

2. ELIZA: Ja, as ek dink hoe lekker die kinders vandag perd gery het – tot by Gordonsbaai se hawe en terug. Heeltemal veilig. Robert, jy moet gaan kyk hoe vas slaap hulle - selfs klein Ann hoes vanaand minder.

3. STANFORD: Ek is bekommerd oor daardie hoes van haar. Ons moet môre die dokter laat kom.

4. ELIZA: Ek het gedink dis longontsteking. Meraai sê dis kinkhoes. Al twee siektes is maar ernstig.

5. ROBERT: Ja, ek is bekommerd. Ek hoop daai Field se dreigement van krygswet is net bluf. So iets sou tot rebellie en eindelik

tot burgeroorlog lei. Boere teen hul eie garnisoen?

Ondenikbaar!

6. ELIZA: Robert, jy weet, miskien het jy té sterk standpunt ingeneem in hierdie veldtog. Was dit nie maar om die burgers se guns te wen nie?

1. ROBERT: Eliza! Jy weet tog: ek **is** teen die aflaai van bandiete aan die Kaap. Ek voel sterk daaroor! En my pogings om vriende te maak met die plaaslikes is in belang van my gesin. Mens kan nie suksesvol boer in hierdie buiteposte as mens nie aanvaarbaar vir jou bure is nie.

2. ELIZA: Ek moet sê, hulle is baie vriendeliker teenoor ons deesdae. Robert, ek het laasnag 'n droom gehad dat 'n klomp kwaai burgers na ons huis toe kom. Hulle het die opstal omsingel en op ons geskreeu. Ek dink dis tyd dat jy jou aan die anti-bandiete veldtog onttrek.

3. ROBERT: Ek het al self daaraan gedink. Maar dis nou te laat, Eliza. Ek bevind my as die man-in-die-middel. Die burgers gebruik my om hulle vrese aan die goewerneur oor te dra, terwyl die goewerneur druk op my uitoefen om die burgers te kalmeer. Ek moet uit hierdie posisie kom.

4. ELIZA: Vergeet vannag daarvan, my man. Kom ons gaan slaap.

STILTE (TYDSVERLOOP, NAG)

HONDE BLAF, PERDEKOETS NADER

1. ROBERT: Wat is dit nou? Dié tyd van die nag! Hoor daar! ... Iemand is op pad. Die lantern! Ek gaan gou kyk. Bly hier in die slaapkamer, Eliza. Hou die kinders hier as hul wakker word.

PERDE EN KOETS HOU STIL, GELUIDE VAN PERDE GAAN VOORT IN AGTERGROND TYDENS DIALOOG (BUITE)

2. ROBERT: Porter? Wat op aarde? Hierdie tyd van die nag!  
Goeienaand, Field. Kom binne, Menere.

DEUR GAAN OOP, WEER TOE, BUITEKLANKE SAGTER

3. PORTER: Jammer om jou so laat te pla. 'n Dringende missie - in opdrag van die goewerneur persoonlik.

4. ROBERT: Wag! Sit eers. Bietjie tee? Brandewyn?

5. PORTER: Niks vir my nie, dankie...

6. FIELD: Vir my ook nie. Ons behoort nie lank te wees nie.

7. ROBERT: Wat is julle missie, menere?

1. PORTER: Robert, die goewerneur het besluit om môre krygswet af te kondig. Hy wil die konfiskering van plaasprodukte wettig sodat die garnisoen en die hongersnood-skip van voedsel voorsien kan word.

2. ROBERT: Maak julle 'n grap?
3. PORTER: Nee, Robert. Daar is nie tyd om te onderhandel, soos jy voorgestel het nie. Die behoefte aan voedsel vir die Neptune is onmiddellik. Die goewerneur het verantwoordelikhede teenoor Koninklike skepe.
4. ROBERT: Dis julle gebrek aan beplanning wat hiertoe gelei het!
6. FIELD: Dis nie nou die tyd om skuldiges te soek nie, Kaptein Stanford. Sir Harry Smith wil nie graag krygswet afkondig nie. Hy het egter een alternatief. Hy het ons versoek om 'n persoonlike versoek aan u te rig.
7. ROBERT: Aan my?
8. PORTER: Ja, Robert. Die goewerneur het my gevra om 'n beroep op jou te doen as offisier en heer, lojaal aan Haar Majesteit, om 'n honderd stuks vee en vier ossewaens vol koring te verskaf.
1. ROBERT: Hoekom ek? Ek is 'n leier van die anti-bandiete veldtog. Hoekom vra julle nie iemand anders nie. Hoekom sit julle my in hierdie penarie?
2. FIELD: Sir Harry beskou jou as 'n man van eer en verantwoordelikheid. Hy gee jou sy persoonlike versekering dat nie 'n enkele bandiet sy voet aan wal sal sit solank **hy** die goewerneur van die Kaap is nie.

3. ROBERT: Hoe kan hy so iets sê? Dis nie sy besluit nie!
4. PORTER: Die goewerneur is bereid om die Neptune voor anker te laat lê tot ons toestemming kry dat die sy kan voort vaar.
5. ROBERT Ek weier! Die burgers het hulle vertroue in my gestel. Hulle sal woedend wees. Dit grens aan verraad!
6. FIELD: As ons môre terug kom by die kasteel **sonder** die waens en vee, sal krygswet afgekondig word en dan mag **hoogverraad** die klag wees.
7. ROBERT: Dreig jy my met 'n krygsraad?
1. PORTER: (VINNIG EN HARD) Nee! (SYDELINGS) Field, hou nou 'n slag jou bek. Jy neuk alles op! ... (RUSTIGER) Robert, hierdie is nie 'n ultimatum nie, nog minder 'n dreigement. Dit is bloot 'n appél wat die goewerneur persoonlik doen op 'n vriend en offisier van die Britse Ryk.
2. ROBERT: As julle liever die waens van die garnisoen gebring het en my goed met geweld geneem het! Nou verwag julle van my om my **eie** waens en trekgoed te gebruik om my produkte na die kasteel te neem!
3. PORTER: Jy het self gesê dat jy net sal deelneem aan die boikot as die Goewerneur sy belofte verbreek. Dit het nog nie gebeur nie en dit sal nie.

4. FIELD: En... jy was darem 'n kaptein in Haar Majesteit se leër, en jy is nog op halfsoldy ... tot nou toe.

1. ROBERT: (STAP MET REËLMATIGE VOETSTAPPE, OP EN AF, OP HOUTVLOER TERWYL HY PRAAT) As julle krygsweat uitroep en die garnisoen konfiskeer iets van die eerste plaas, sal die koloniste saamstaan. Hulle sal almal in opstand kom... Soos een man probeer veg... En hulle ken nie oorlog nie. Hulle kan nie teen 'n staande leër baklei nie. Dit sal 'n slagting wees. En ... ek sal nie saam met hulle teen Britse troepe kan veg nie.

2. FIELD: Dit sal nie nodig wees nie. Doen net jou burgerlike plig en voorsien die garnisoen!

3. ROBERT: As ek dit doen, sal dit lyk soos verraad teen die burgers!

4. PORTER: Die Goewerneur gee aan jou volle vrywaring. Hy sal jou beskerm teen weerwraak van die burgers.

5. ROBERT: (SKIELIK, FERM EN KORTAF, MILITÊRE STYL, ASOF IN BEHEER) Goed menere, ek sal die koninklike garnisoen bevoorraad. Ek sal nou my arbeiders opdrag gee om die



vee aan te keer en die graan te laai. Ek ry te perd saam Kaap toe. Dis beter as dit in die nag gedoen word. Ons behoort teen môremiddag daar te wees. Gaan solank. Ek groet net hier. Dan saal ek my perd op.

1. FIELD: Welgedaan Stanford. Jy sal goed beloon word. Ek het 'n betalingsbewys saam gebring ...

2. ROBERT: (ONDERBREEK, BARS) Los dit, Field! Judas is ook bloedgeld aangebied!

VOETSTAPPE VAN DRIE MANS, DEUR OOP EN TOE, PERD  
RUNNIK, BUITEGELUIDE

LUIDE, DRAMATIESE MUSIEK, MILITÊRE

MARS(TYDSVERLOOP) DOOF UIT, KORT STILTE RUSTIGER

MUSIEK DOOF IN, PERDEHOEWE, STADIGER, MAN KLIM AF

MET EFFENSE GESTEUN

3. ELIZA: Robert! Dankie tog jy's terug! Ons was doodbekommerd oor jou. Drie dae! Het jy moeilikheid op pad gekry?

4. ROBERT: Glad nie. Aanjaag van die vee het lank geneem. Hoe gaan dit hier?.

5. ELIZA: Dinge het baie verkeerd begin loop van Maandag af. Dit lyk asof die nuus dat jy die Kasteel bevoorraad het, soos 'n veldbrand versprei het.

6. ROBERT: Wat het gebeur?
1. ELIZA: Twee van ons arbeiders is weg gejaag van die Benders se plaas langsaan! Gesê hulle mag nie weer hul voet daar sit nie. Jou skaapwagters het almal gedros. Vanmôre het Maria die vuil wasgoed ingeseep en gegaan om te gaan vis koop. Sy het nie weer terug gekom nie. Die bediendes word geïntimideer, Robert.
2. ROBERT: Ek sal met hul praat.
3. ELIZA: Dis nog nie die ergste nie! John en Joseph is terug van die kosskool af. Gistermiddag, op die Maandag, met die koets hier aangekom. John sê die skoolhoof het hulle gevra om liever huis toe te gaan – glo vir hul eie veiligheid. Die koetsier sê hulle is met klippe gegooi by die skool ... ouers en kinders! Joseph sê hulle is gevloek. Glo verraaiers genoem.
4. ROBERT: Ag nee! So gou? Ek **het** vergelding verwag, maar nie dit nie! Is die mense heeltemal van hul sinne beroof!
5. ELIZA: Kan jy nie aan hulle verduidelik dat jy geen ander keuse gehad het nie? Dat krygswet ons almal in 'n oorlog sou dompel nie?
1. ROBERT: Hoe, Eliza? Niemand sal luister nie! Heethoofde het nie ore nie. Ek sal aangerand word. Miskien moet ek met Steytler gaan praat. Hy is 'n man met begrip, 'n prokureur met aansien. Dalk kan hy gemoedere kalmeer.

2. ELIZA: Jy sal wel 'n plan kan maak Robert! Maar ... dit sal moet wag. Klein Ann se hoes word net slegter. Ek dink dit is kinkhoes. Ons moet haar gou by 'n dokter kry. Ons moet óf Stellenbosch óf Hardekraaltjie toe gaan.
3. ROBERT: Maar hoekom kan ons eie dokter nie hier na haar omsien nie?
4. ELIZA: Ek het hom gister laat roep. Die ruiter wat ek gestuur het, is terug gestuur. Hy doen glo nie meer siekebesoek by die Stanfords nie.
5. ROBERT: So die nuus het al by hom ook uitgekom. Hy is in elk geval 'n lafaard-kwaksalwer.
6. ELIZA: Deel van die boikot teen ons. Is dit nie ironies nie: Robert Stanford reël 'n boikot en nou word **hy** geboikot!
1. ROBERT: Ek stuur dadelik 'n koets na Stellenbosch om die dokter daar te gaan haal. Ek sal hom dubbeld sy fooi aanbied. Roep die koetsier dat ek hom instruksies kan gee.

STADIGE MUSIEK (STEMMING EN TYDSVERLOOP) DOOF  
UIT. MILITÊRE MUSIEK DOOF IN EN UIT

2. PORTER: Goeiemôre, U eksellensie. Mag ek en Field gou inkom?

3. SMITH: Natuurlik, Porter, kom in. Mōre! Veels geluk dat julle daarin geslaag het om die garnisoen te voorsien. Dit was 'n taak welgedaan. Is Stanford darem behoorlik vergoed?
4. PORTER: Nee meneer. Hy het enige betaling deur Field geweier. Hy het iets genoem van Judas-geld.
5. SMITH: Betaal dit wat ons hom skuld by sy bankier in. Hy moet geen eise teen ons hê nie. Ek het reeds aan Earl Grey geskryf dat ek die anti-bandietboikot omseil het. Ek het genoem dat ek iemand omgepraat het wat rantsoene voorsien het. Engeland hoef nie te weet wie dit was nie.
6. FIELD: Glad nie! Ons moet nie toelaat dat Stanford tot held gemaak word nie. Hy is baie krities oor ons hantering van die saak.
1. PORTER: (ERNSTIG, HEFTIG) Meneer, ons het aan hom vrywaring beloof. Hy is besig om groot verliese te ly. Sy vee verdwyn van sy plase af. Sy arbeiders word verwilder. Hy kan nie sy oeste insamel nie. Niemand wil sy produkte koop nie. Sy familie en rytuie word gestenig op straat en sy kinders uit die skool verban. Selfs die banke weier om met hom sake te doen. Wat kan ons vir die man doen?
2. SMITH: Jy is die prokureur-generaal, Porter. Hoekom vervolg jy nie die oortreders nie?
3. FIELD: Ja! Kla die intimideerders aan. Ons moet 'n voorbeeld van een of twee maak, 'n paar van die skuldiges toesluit?

4. PORTER: Daar is baie min wat 'n amptenaar kan doen as 'n hele gemeenskap teen 'n burger gedraai het. Getuies sal nie na vore kom nie. Stanford sal in elk geval nie die Kasteel se inmenging waardeur nie. Enige verdere hulp aan hom, is gelyk aan 'n soen van die dood, ... as hy nie al reeds op sosiale gebied dood is nie. Ek het gedink dat ons ten minste skadevergoeding aan hom kan betaal?

1. SMITH : Dis buite die kwessie. Ons sal Engeland se magtiging nodig hê. En ek het reeds geskryf dat die saak opgelos is. Hoe lyk dit as ek nou weer geld vra? Laat dinge maar daar. Ons moet nie inmeng by die burgers se onderlinge struwelinge nie. Wat julle ook al doen, moet nooit met Stanford oor vergoeding praat nie. As hy skade-eise indien, kan Londen vir ons 'n paar baie ongemaklike vrae vra. Julle kan maar gaan, dankie.

2. PORTER: Maar meneer, kan ons nie vir Stanford...

3. SMITH: Ek het klaar gepraat, Porter.

4. FIELD: Dankie meneer.

5. PORTER: Goed, U Eksellensie.

KORT STILTE. DOOF IN ONHEILSPELLLENDE MUSIEK,  
GELUIDE VAN PERDE- EN KOETS OP GRONDPAD, KIND WAT

HOES DOOF IN, ALLES DOOF UIT TOT AGTERGROND AS  
DIALOOG BEGIN

6. ELIZA: As die dokter van Stellenbosch geweier het om ons tot hulp te kom, hoekom sal dié een, by Hardekraal, bereid wees om na Ann te kyk?

1. ROBERT: Kom, Eliza. Ons moet geloof behou. Ons moet alles probeer.

2. ELIZA: Sy is regtig baie siek. Hierdie koetsrit het haar niks goed gedoen nie.

3. ROBERT: Dit word donker. Daar is die Tygerberg al. Ons sal ten minste ná donker daar aankom. Minder kans dat die koloniste ons sal herken.

4. ELIZA: Is jy seker dat ons huisvesting vir die nag sal kry?

5. ROBERT: Daar is 'n herberg waar ek altyd oorbly op pad Kaap toe. Die herbergier is 'n Hollander, 'n bietjie van 'n senuweewrak, maar hy sal ons geld vat. Hier is ons nou!

KOETS KOM TOT STILSTAND, STEM: "HOKAAI", PERDE  
RUNNIK, HOES VAN DOGTERTJIE, KOETSDEUR WAT OOP  
GAAN.

6. ROBERT: Eliza, gee my jou hand. Oppas vir die trappie. Gaan jy maar in. Ek dra vir Ann. Kom, Pappa se groot meisie.  
(STEUN)

### HOES VAN KIND

1. ROBERT: A! Naand Meneer Aggenbach! Het jy 'n kamer vir my en die vrou. Die dogtertjie slaap sommer by ons.
2. HERBERGIER: (OPGEWONDE, SENUWEEAGTIG, VERTROULIK, SAGTER AS NORMALE SPRAAK) Meneer Stanford! Jy waag baie! Kom gou in. Jou naam is 'n vloekwoord hier rond. Bly weg van my kroeg af. Kom hierlangs. Mens, wat het jy gedoen dat die spul jou so haat?
3. ROBERT: Nee, Aggie, ek weet nie. Al wat ek van jou vra is 'n kamer en om onmiddellik die dokter te roep. Sê vir hom jy het 'n siek dogtertjie hier wat baie hoes.

### KIND HOES

4. HERBERGIER: Reg so, Meneer Stanford. Hier is die kamer. Maak julle tuis. Ek stuur julle kos sommer kamer toe. Ou Aggie sal altyd 'n plekkie vir mense in nood hê. Al is dit ook in my stal. Julle twee is vanaand soos Josef en Maria. Ek dink hulle het ook 'n siek kind gehad of so iets, en kon nêrens herberg kry nie...

### KIND HOES

5. ROBERT: Toe, toe nou Aggenbach! Die dokter!

1. HERBERGIER: O ja! Ek stuur onmiddellik vir hom! Ek is nou terug met hom.

DEUR OOP EN WEER TOE

2. ELIZA: Haai! Wat 'n snaakse mannetjie! So senuweeagtig! Is ons só gevaarlik?

3. ROBERT: 'n Bedreiging vir sy besigheid, ongetwyfeld.

STILTE (TYDSVERLOOP)

KLOP AAN DEUR

4. STANFORD: Kom binne!

KIND HOES

1. HERBERGIER: O, hier is julle nog. Ag, Meneer Stanford. Het julle lekker geëet? Ek is bevrees ek het slegte nuus. Die dokter was nou hier. Ag, dis seker my skuld. Ek wou nie vir hom sê wie die pasiëntjie is nie. Maar hy kyk toe sommer self in die besoekregister en sien daar jou naam. Toe vra hy of ek dink hy is gek! En hy ry sommer weer. Ek het hom gesê



dis nie jy nie; dis jou kind! Maar dit lyk my hy wil jou familie ook nie behandel nie. Sê hy sal sy praktyk verloor. Snaaks ek ken hom nie só nie.

2. STANFORD: Aggenbach, my kind is baie siek. Sy gaan sterf as sy nie behandeling kry nie. Het jy 'n vars perd vir my? Ek jaag nou self Kaap toe om die garnisoensdokter te loop haal.

#### KIND HOES

3. HERBERGIER: Ja, Mnr Stanford. Daar is 'n perd in die stal hier agter. Maar as ander mense só met jou maak, wat moet ek dan doen. Dalk moet ek sê ek het nie 'n perd nie?

4. STANFORD: Bog! Los maar Aggenbach. Ek sal hom self vat. Dan kan jy vir die mense sê ek het dit gesteel. Totsiens my vrou. Ek is oor 'n paar uur terug.

#### DEUR OOP, WEER TOE, KIND HOES

1. HERBERGIER: Ai, Mevrouw Stanford. Ek wens so ek kan help. Maar ek raak nou baie bang. Die dokter vra my netnou of ek weet wat ek doen. Hy sê as die mense uitvind dat ek julle huisves, sal hulle my herberg kom afbrand. Dis mos wat Herodes ook gemaak het met die herbergier wat vir Josef in sy stal laat slaap het, nie waar nie?

2. ELIZA: Nee, darem nie, meneer Aggenbach. Jy kan maar gaan. Ek wil kyk wat ek vir my kind kan doen tot die dokter van die

Kaap af kom. Ek is bevrees dit is klaar te laat vir dokters en medisyne.

3. HERBERGIER: Reg, Mevrouw Stanford. Laat weet maar as ons bietjie kookwater of iets kan bring. Gebruik sommer die kombuisdeur.

KIND HOES, DEUR OOP EN TOE, STILTE

NAGGELUIDE, PERDE WAT JAAG, STADIGER, RUITERS WAT

AFSPRING, VOETSTAPPE, DEUR OOP EN WEER TOE, VROU

WAT SNIK

4. ROBERT: Eliza! (POUSE) Ag, Here, nee. Is dit te laat?
5. ELIZA: (SNIK, HUILENDE STEM) Twee uur terug al. Sy het na jou gevra. Het darem geglimlag voor sy gesterf het.
1. ROBERT: Eliza, my vrou, my vrou. (POUSE) Jammer Dokter, te laat! (POUSE, DAN FERM) Aggenbach, jou gesteelde perd is terug. Reël asseblief dat die lykbesorger my kind kom uitlê.
2. HERBERGIER: Meneer Stanford, ek is jammer. Hy sal ook nie kom nie. Trouens, ek sal jou moet vra om dadelik te gaan. Die mense het klaar gedreig. Hulle wil my plek kom afbrand.
3. ROBERT: Gee my dan net 'n kis, Aggenbach!
4. HERBERGIER: Ek het nie 'n kis nie. Maar ek kan vir jou 'n seil gee om haar in toe te draai. Jou koetsier is gelukkig uitgerus. Ek het

hom kos gegee. Die koetsperde is gevoer ook. Hulle is klaar ingespan. Ek het dit sommer met die koetsier gereël.

5. ROBERT: Aggenbach! Jy het netsoveel ruggraat soos 'n slang. Loop hier uit! Voor ek jou vermoor!

PAAR VINNIGE VOETSTAPPE, DEUR WAT TOEKLAP

6. ELIZA: Toemaar, Robert. Ons kan maar ry. Ons sal tog nie kan slaap nie. Ek wil net by die plaas en die seuns uitkom.

1. ROBERT: Hierdie is die laaste strooi, Eliza. Ek vertrek na Londen op die volgende skip. Ek sal skadevergoeding eis vir al my verliese. Ook vir hierdie behandeling wat ek van my medekoloniste gekry het.. Die Koningin sal my elke pennie vergoed.

2. ELIZA: Ai, Robert? Kan mens jou eer en menswaardigheid met geld terug koop? Kan mens vergoed word vir 'n dooie kind? Jy kan **dit** ook maar los. Betaal maar die herbergier. Dan kan ons gaan.

STADIGE, TREURIGE MUSIEK, DOOF UIT, STILTE  
(TYDSVERLOOP).

PERDEKAR, STADIGER, KOM TOT STILSTAND

3. ROBERT: Hokaai! (KLIM AF, STEUNEND). Dag Steytler.

4. STEYTLER: Robert Stanford? Is jy mal om helder oordag vir my te kom kuier? Kom gou in – voor iemand sien!
5. ROBERT: Is jy ook skaam vir my Steytler? Ek dag jy is my vriend? Of is jy net my prokureur?
1. STEYTLER: Nie skaam nie, Robert. Maar jy kan **my** ook 'n teiken maak. Ons was saam in hierdie bandiete-boikot ding! Ek moet sê jy het my in 'n groot verleentheid geplaas.
2. ROBERT: Steytler, jy weet wat die feite was! Jy weet ek kon nie anders nie. Die ding sou ons in 'n burgeroorlog gedompel het.
3. STEYTLER: Dis nou verby! Wat bring jou hier?
4. ROBERT: Besigheid. Ek wil eis, Steytler. Ek soek skadevergoeding. Ek wil my plase wat kaal gestroop is, weer reg kry. Ek wil vee koop... en implemente. Ek wil terug op my plase. Ek wil weer boer! Ek het Tienduisend Pond se skade gely!
5. STEYTLER: Jy weet mos jy het nie kans nie, Robert! By wie kan jy eis as 'n klomp skorriemorrie jou plase besteel?
6. ROBERT: By die Britse Kroon! Ek het die belofte tot vrywaring gekry as ek die Kasteel bevoorraad. Nou wil die Goewerneur niks weet nie. Hy sê ek moet my saak maar in Londen gaan voorlê! Klomp huigelaars!

1. STEYTLER: Jy het dokumentasie nodig, Robert. Bewyse van daardie beloftes. Of 'n erkenning deur die owerheid dat jy dienste gelewer het wat tot jou skade gelei het.
  
2. ROBERT: Dit sal ek in Londen gaan haal. Maar dis my probleem! Intussen moet jy my help.
  
3. STEYTLER: Hoe moet ek help?
  
4. ROBERT: Terwyl ek weg is, wil ek hê jy moet my plase weer aan die gang kry. My skuldeisers betaal. Voormanne aanstel of huurders kry. Vee op die plase kry.
  
5. STEYTLER: Ek sal jou help Stanford. Maar op **my** voorwaardes. Heel eerste moet jy een ding besef: niemand wil met 'n Stanford besigheid doen nie. Ons moet ontslae raak van die naam Stanford! Jy sal al jou sake onder 'n ander naam moet bedryf. 'n Trust, byvoorbeeld.
  
6. ROBERT: Goed, ... as dit dan moet.
  
  
1. STEYTLER: Tweedens moet ons kontant bekom. Ek stel voor ons neem verbande op jou plase uit. Die geld wat so los kom, laat jy in trust by my. Ek sal self ook geld deponeer en myself as

jou vennoot beskou. Ek sal intussen die plase weer aan die gang kry terwyl jy weg is.

2. ROBERT: Steytler, ...dit klink goed. Maar ek wil nie hê dat my vrou en die kinders enige gebrek ly terwyl ek weg is nie. Jy moet sorg dat daar genoeg vir hulle is om van te lewe.

3. STEYTLER: Natuurlik, Robert. Ek is jou vennoot, kurator en vriend. Jy teken vir my 'n volmag om sake te bestuur. Ek vra natuurlik die normale prokureursfooi vir my dienste.

4. ROBERT: Goed, Steytler. Stel maar die dokumente op. Onthou net een ding. Ek is 'n Kapenaar. Ek vlug nie Engeland toe nie. My grond is my grond. Ek wil dit ten alle koste behou en weer opbou tot die pragplase wat hulle was.

5. STEYTLER: Natuurlik, Stanford, natuurlik!

MARSMUSIEK, DOOF UIT, STILTE

DOOF IN: HAWEGELUIDE, SEEMEEUE, MISHORING.

BRANDERS WAT BREEK

1. ELIZA: Robert! Uiteindelik! My man! O, ek is so bly jy's terug. Die ses maande was hel! Hoe was die vaart? Hoe gaan dit?

2. ROBERT: Wonderlik om terug by julle te wees, Eliza! Londen was koud en nat! Hoe gaan dit met jou? En die kinders?

3. ELIZA: Met hulle goed! Hulle is darem terug op kosskool. Jy sal hulle vanaand sien. Maar ons sukkel nog baie op die plase. Geen werkers nie! Geen vee nie! Alles gestroop en agteruit! Het jy iets uitgerig in Londen?
4. ROBERT: Net briewe van erkenning vir my opofferings! Ek is kastig tot ridder geslaan! Dit help alles niks! Nie 'n sent nie. Ek het darem nou dokumentasie. Ek sal eise van skadevergoeding indien.
5. ELIZA: Die skade word elke dag meer. Ek was verlede maand na Kleinrivier om te kyk hoe dit daar gaan. Smalles, die huurder op Kleinrivier, het eenvoudig weg geloop. Alles is gesteel! Daar is niks lewendig oor op ons plaas nie! Jy sal die plek nie ken nie: Die pragtige Kleinrivier sonder perde, sonder vee. Selfs die timmerhout is afgekap en weggeroep. Alle losgoed is weg gedra of verkoop!
1. ROBERT: Kleinrivier! Onmoontlik! Ek sal na 'n prokureur toe gaan. Steytler! Waar was Steytler? Hoekom gaan dinge so sleg op die plase? Het Steytler jou nie gehelp nie?
2. ELIZA: Gehelp? Hy is die grootste rugsteker! Hy, van alle mense, het jou gedagvaar vir skuld! Ek het hom net gesien as hy geld kom soek. Jou krediteure raak glo ongeduldig! Hy het selfs probeer om my en die kinders van die plaas af te jaag sodat die huismeubels verkoop kon word.

3. ROBERT: Wat? Steytler! Die enigste vriend op wie ek nog kon vertrou! Ek gaan nou dadelik die vent sien!

4. ELIZA: Wag, Robert. Hy is dit nie werd nie! Kom ons gaan huis toe. Slaap eers vannag oor die saak.

STILTE (TYDSVERLOOP)

KLOP AAN DEUR, DEUR OOP

5. STEYTLER: Robert? Is jy terug? Welkom in die Kaap!

6. ROBERT: Steytler! Wat gaan aan? Wat hoor ek van my plase? Waarom is die goed kaal gestroop?

1. STEYTLER: Dinge het nog niks verander nie, Robert. Die burgers beskou jou steeds as verraaiër!

2. ROBERT: Steytler, jy lieg! Jy het my in die rug gesteek! Dis jou waens wat die goed van Kleinrivier verwyder het. Dis jy wat die goed verkoop het? Waarom op aarde het jy dit gedoen? Waar is die geld wat jy daarvoor gekry het?

3. STEYTLER: Watter geld, Robert? Stadig nou. Jy het my **skuld** gegee om te bestuur – nie **geld** nie!

4. ROBERT: Rugsteker! En om te dink ek het jou as my enigste vriend beskou!



5. STEYTLER: Robert, wag nou! Jy raak nou beledigend. Ek waarsku jou: ek sal jou vir laster aankla! Die waarheid is dat jou plase nie meer produktief is nie. Die verbande wat jy uitgeneem het moes gedelg word. Jou skuld klim elke dag hoër. Jy het aan my 'n bankrotboedel gegee om te hanteer en ek het my bes probeer. Ek het nog nie eers my prokureurskoste van jou geëis nie. Net om die verbande te delg, sal jy 'n paar plase moet verkoop. Ek stel voor jy raak onmiddellik ontslae van Kleinrivier en Gustrow.

1. ROBERT: My twee beste plase? Met opstalle? Wat **ek** opgebou het. Die voorste plase aan die Kaap!

2. STEYTLER: Plase wat jy self deur jou verraad vir die wolwe gegooi het!

3. ROBERT: Jy praat van eise? Ek eis 'n staat van inkomste en uitgawes van jou. Vanaand nog. Afgelewer by my huis! Ek wil alles weet: van die dag dat ek my geld in trust by jou geplaas het tot nou toe. Jy dink jy het my kaal uitgetrek, Steytler? Ons sal sien wie loop kaal hier uit.

4. STEYTLER: Jy sal jou staat kry. Maak jou maar reg vir 'n skok! Jy skuld nou al meer as Vyftienduisend Pond!

5. ROBERT: Ek loop nou! Ek wag vir jou staat.

VOETSTAPPE, DEUR OOP, DEUR TOE

6. STEYTLER: Arme bankrot drommel. Wil mos volmag teken! Maklik om met sulke dwase besigheid te doen (LAG)

STILTE (TYDSVERLOOP)

1. ROBERT: BLAAI HOORBAAR IN DOKUMENTE (DAN, BY HOMSELF)  
Agge nee! Steytler het my verneuk! Ek **was** bekommerd oor daardie volmag. Maar ek kon nie anders nie. Niemand wou met my praat nie!

2. ELIZA: Wat sit jy hier met jouself en praat, Robert?

3. ROBERT: Steytler het my verneuk, my vrou! Ek is geruineer!

4. ELIZA: Toemaar, my man. **Jy** is nou terug! Alles sal nou regkom! ... Kom lê 'n bietjie. Jy is net moeg... Robert! Wat gaan aan met jou? Wat is verkeerd? Robert! Jou oë? Robert!

5. ROBERT: My kop! Dit steek in my kop Eliza! Dit word donker! Wat gaan nou aan? My kop! Help my! (SLAG OP VLOER SOOS LIGGAAM WAT VAL)

6. ELIZA: Help! (DEUR OOP) Meraai! Kom help my! Dis Meneer! Hy het geval! Hy is doodsbleek. Bring 'n nat lap! Ek moet die dokter kry!

SWAAR, ERNSTIGE MUSIEK, (TYDSVERLOOP)

7. ELIZA: Meneer Steytler?

1. STEYTLER: Dis reg! Kan ek u help, Mev Stanford?
  
2. ELIZA: Nee dankie! Nie help nie. U het my man sodanig gehelp dat hy beroerte gekry het. Hier is 'n dokument waarin hy sy volmag aan u oor al sy sake kanselleer.
  
3. STEYTLER: U kan my tog nie verbind met u man se beroerte nie! Hy het baie probleme gehad.
  
4. ELIZA: Jy's reg Meneer Steytler. Hy het baie probleme gehad. Burgers wat sy plase vernietig het! Twee regerings wat nie hulle beloftes nakom nie. Maar nie een probleem so groot as sy rugsteker-vriend en prokureur Steytler nie! Ek hoop u geniet die aanskoue van die verknorsing waarin u ons as gesin laat beland het!
  
5. STEYTLER: U is net so onredelik soos u man...

DEUR KLAP TOE, MUSIEK, (TYDSVERLOOP)

1. VERTELLER: Vyf-en-twintig jaar later, Manchester, Engeland, Desember 1877.

NEGENTIENDE EEUSE STADSVERKEER IN ENGELAND,  
PERDEKARRE, KOERANTVERKOPERS WAT SKREE ("READ

ALL ABOUT IT"), VOETGANGERS WAT GESELS,  
STADSGEDRUIS WORD EFFENS STILLER, VOETSTAPPE BY  
KLIPTRAPPE OP,

2. PORTER: (LEES) Sir Robert Stanford, ... A ... hier is sy huis, op die grondvloer.

LUI VAN DEURKLOK (KLOK-TIPE), DEUR GAAN OOP,

3. ELIZA: Goeie môre?

4. PORTER: Mevrou Stanford?

5. ELIZA: Dis reg. U lyk bekend. Is u van die Kaap?

6. PORTER: Ja Mevrou. Ek is Brian Porter. Ek het eergister per skip in Londen aangekom. Met die trein deurgereis na Manchester. Ek was dertig jaar gelede Prokureur-generaal aan die Kaap. Kan ek met Sir Robert praat?

1. ELIZA: E ... Weet u dan nie?

2. PORTER: Weet? ... Wat, mevrou?

3. ELIZA: Robert, ... my man, ... hy is twee weke gelede oorlede!

4. PORTER: Ag nee! Nie dit nie! Ek is werklik jammer om dit te hoor, Mevrou. Wat het gebeur?

5. PORTER: Kom binne meneer Porter. Wat sal u hier in Manchester se reën staan? (DEUR KRAKEND OOP EN TOE) Sit gerus.  
(POUSE) 'n Koppie tee?
6. PORTER: Nee dankie? Was hy, ... u man, ... lank siek? Ek onthou die beroerte destyds aan die Kaap maar hy het tog weer herstel!
7. ELIZA: Ja. Redelik reg gekom. Met 'n kiere geloop daarna. Maar hy het nooit werklik van daardie knou herstel nie. Hy het onlangs weer begin kla oor sy rug. Bedlënd. Dokters sê hy is dood aan 'n ruggraat-siekte. Tog ironies: daar was niemand met soveel ruggraat soos hy nie.
1. PORTER: Ek weet dit baie goed, Mevrou. Wat het geword van sy eise om skadevergoeding. Ek weet hy het verskeie kere na Engeland gereis om dit met die Britse regering op te neem.
2. ELIZA: Geen kompensasie sou kon vergoed vir die pyn en lyding wat hy en sy gesin deurgemaak het nie. Hy het dikwels gesê (STADIG EN MET KLEM) dat die gebeure en behandeling wat gevolg het op sy eredaad, nooit geëwenaar is in die geskiedenis van die Britse ryk nie.
3. PORTER: Het hy darem iets materieel terug gekry?

4. ELIZA: Ons het verskeie kere Engeland toe gekom om kompensasie te eis - sonder sukses. Die eerste keer is Robert tot ridder geslaan. Die volgende jaar is hy weer Londen toe om te pleit vir kompensasie. Hy moes bewys dat **hy** die weldoener was wat die rantsoene aan die Kasteel verskaf het. Julle het mos nooit sy naam aan Londen vermeld nie.

5. PORTER: Tot ons skande, Mevrou.

1. ELIZA: Die tweede keer het hy 'n skamele Vyfduisend Pond ontvang. Toe ons terugkeer aan die Kaap, vind ons dat my man se dokumente vervals is en ons geliefde plaas, Kleinrivier, deur prokureur Steytler en sy kollega, Brunnette, verkoop is sonder Robert se medewete en teen sy wense.

2. PORTER: Het hy nie 'n pensioen ontvang nie?

3. ELIZA: Op sy oudag ja, Eenhonderd Pond per jaar... Maar ek verstaan nie waarom u nou, op hierdie laat stadium, in Robert se welvaart belang stel nie, Meneer Porter.

4. PORTER: Ek het u man goed geken, dertig jaar gelede, aan die Kaap. Ek wil my nie as 'n vriend voordoen nie.

5. ELIZA: (FERM EN BESLIS) Hy het geen vriende gehad nie. U sal verstaan, Mnr Porter, dat dit eintlik 'n tydperk in ons lewe is wat ons probeer vergeet. Dit het gelei tot my dogter se dood, my man se beroerte en die feit dat ons al ons

besittings verloor het. As u oor daardie dae wil gesels,  
moet u miskien liever maar gaan.

1. PORTER: Dit is hoegenaamd nie my doel om u te ontstel nie.  
Inteendeel, ... ek het Manchester toe gekom om vrede te  
soek.
2. ELIZA: 'n Bietjie laat, ... is ek bevrees.
3. PORTER: Laat, maar ek moes kom! Moes ontslae raak van 'n  
persoonlike skuld - ereskuld - teenoor Sir Robert. U sal  
nie verstaan nie ... dat dit nou vir my 'n geweldige skok is –  
die besef dat ek te laat is.
4. ELIZA: Wat was die onderwerp waaroor u met hom wou praat?
5. PORTER: Dit gaan oor 'n verskoning wat ek aan Robert verskuldig was  
... Ek was dertig jaar gelede deel van die Kaapse regering  
wat hom in die steek gelaat het. Ons het sy lojaliteit tot ons  
voordeel uitgebuit. Ek het daardie nag persoonlik 'n  
vrywaring van die regering aan Robert oorgedra.
6. ELIZA: 'n Vrywaring waarvan later niks gekom het nie.
7. PORTER: Ek weet, mevrou. Ek leef nou byna dertig jaar saam met  
die skuldgevoel van daardie vrywaring – en my swye oor die  
feite van daardie nag.
1. ELIZA: Watter feite, meneer Porter?

2. PORTER: Die feit dat u man die voorraad aan die garnisoen verskaf het om krygswet, rebellie en burgeroorlog af te weer. Dit was al die jare net bekend binne regeringskringe. Dit is met opset stil gehou.
3. ELIZA: Waarom, meneer Porter?
4. PORTER: Die ware feite sou sir Robert Stanford tot 'n held verhef het. Daar sou openbare steun of selfs aandrang tot skadevergoeding vir Sir Robert wees.
5. ELIZA: Maar waarom het u Manchester toe gekom om dit te doen? Die openbaring daarvan moet mos immers aan die Kaap gedoen word. Alhoewel, moet ek byvoeg, dat dit nou natuurlik heeltemal te laat is.
1. PORTER: Liewer laat as nooit, mevrou. Ek is nou afgetree. Ek het die ware Stanford-storie in die Kaapse koerant, die Observer van 12 Oktober verlede jaar, laat plaas, saam met 'n erkenning van my eie, verfoeilike aandeel daaraan. Hier is 'n afskrif van die koerant. Die rede vir my koms was om Robert in die oë te kyk en dit teenoor hom ook te erken. Dit



is vir my 'n skok – sy dood. Maar 'n troos ... dat ek dit ten minste met sy weduwee kan deel.

2. ELIZA: Ja, ek is jammer dat hy dit nie kon hoor nie. Soos ek hom ken, ... of geken het, ... sou hy dit nie teen u as persoon gehou het nie. Hy het geglo dat die reaksie spontaan was. En miskien was sir Harry Smith die skuldige?

3. PORTER: Die reaksie van die burgers was wel spontaan. Maar ek moes, as prokureur-generaal, persoonlik ingegryp het. Ek moes by Sir Harry aangedring het op skadevergoeding vir Robert. En ek moes lankal die ware feite bekend gestel het.

4. ELIZA: Gedane sake het geen keer.

1. PORTER: En dan is daar Kleinrivier! Dis die ander rede waarom ek Engeland toe gekom het. Ek wou Kleinrivier kom terug gee aan Robert Stanford.

2. ELIZA: Ag, meneer Porter, Kleinrivier is nie meer die plaas wat hy was nie. Die plaas is opgesny in dorpsere. Nogal met die naam Stanford, verneem ons. Terloops, ... dis een ding wat ons nooit kon verstaan nie: hoekom sou hulle die naam Stanford aan die dorp gee? Dieselfde mense wat hom 'n "verraaier" genoem het, vernoem 'n dorp na hom?

3. PORTER: Nee, Mevrouw Stanford. Dit moes **juis** daardie mense wees. En ek was een van hulle. Ek het die dorpsstigter, De Bruyn, vyftig pond betaal om die dorp onder die naam Stanford te

registreer. Dit is nodig dat die nageslag die naam Stanford sal onthou. **Dis** waarom ek die Stanford-storie in die koerant laat plaas het. En **dis** waarom ek die dorp die naam Stanford gegee het. En **dis** wat ek vir Sir Robert Stanford wou kom sê. (STEUN) Maar ek moet gaan. Ek voel darem 'n bietjie beter omdat ek dit met u kon bespreek. Dankie dat u my te woord gestaan het.

1. ELIZA: Dankie dat jy gekom het, meneer Porter. Jammer jy was 'n paar dae laat om met Robert self te gesels. Jy het die Stanford-storie saam met hom begin. Jy het ongelukkig die einde gemis - toe hy verlede maand op 18 Desember, in hierdie huis oorlede is.

2. PORTER: Ek is vasbeslote dat die nageslag niks van die Stanford-storie sal mis nie, Mevrouw. 'n Goeie dag aan u!

SAGTE MUSIEK (EERS AGTERGROND), DOOF IN VANAF "EK IS VASBESLOTE...", HARDER NA DIE WOORDE "AAN U", DOOF WEER UIT

Einde